## 29 April Markus 15:42-16:4 (16:3b en 4)

### *Vanuit die oop graf weerklink 'n boodskap van lewe*

Ons ken almal die stil, somber atmosfeer in 'n begraafplaas. Uit respek vir die dood fluister ons teen die gesuis van die hoë bome. Die groot slot aan die swaar traliehek herinner aan die wakende engel Eden, waar die mens geestelik gesterf het. Waarom nou 'n somber boodskap van 'n begrafplaas? Ons kan nie anders nie want die teks neem ons daarheen. Die blydskap van die opstanding van Jesus Christus kom vanuit 'n graf. Die vroue wat op pad was, het maar die somberheid van 'n gewone koue begrafplaas verwag. Maar daar was 'n verskil. Matteus vertel in hoofstuk 28:2 van 'n geweldige aardbewing, van 'n engel wie se voorkoms soos weerlig, en sy klere so wit soos sneeu was. Dit alles het die donker stilte van die dood in die begrafplaas verdryf. Dit is die blye boodskap. God gee in plaas van die donker stilte van die dood die lig van die nuwe lewe. Jesus het opgestaan! Die wonderlike troos kom juis uit die teksvraag: "Wie sal vir ons die klip wegrol?" Die vroue was te swak. Toe hulle opkyk, sien hulle 'n engel van God het dit klaar weggerol. Deur Jesus se sterwe en opstanding maak God self ons eens versperde pad na Hom toe oop. Verdienste tot verlossing sou vir ons ook te swaar gewees het. Ons ontvang vergewing, verlossing, ja, toegang tot die ewige lewe by God gratis. Christus het daarvoor betaal! Die somber stilte van ons begraafplase is dus by 'n verkeerde eindpunt. Ons moet voortaan lofliedere tydens begrafnisse sing, omdat die dood nie die einde is nie. Groot is die dankbaarheid vir grafskrifte wat tog van die ewige lewe getuig. As ons dus weer voor 'n oop graf staan, of ons geliefdes se grafte besoek, dink aan die weggerolde klip, die lig van die engel en die blydskap in die hemel oor ons geliefde en ook ons deurgaan na die ewige lewe, omdat daar nie meer 'n versperring is nie.

Sing: Skrifberyming 8:1, 2, 5 Ds. L.J. Buys (Rustenburg-Wes)